IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

6 Februarie 2026

**OMSENDBRIEF 4/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek:** Laerskool Langebergbyeenkoms. Op Vrydag, **6 Feb. 2026** en Saterdag **7 Feb. 2026** neem 43 van ons atlete deel aan die **Langebergbyeenkoms** by HS Robertson. Ons is baie trots op hierdie groot groep leerders wat ons skool daar gaan verteenwoordig. Alle **veldtitems** vind op Vrydag, 6 Feb. plaas en alle **baanitems** vind op Saterdag, 7 Feb. plaas. Die skoolbus vetrek Vrydagmiddag om 13:30 vanaf die laerskool en op Saterdagoggend 07:50 vanaf die laerskool en die vierrigtingstop by Happy Valley. Ons wens hierdie atlete alle sterkte toe. Gaan doen jou bes en hou ons Bonnie-naam hoog.

2. **Hoërskoolatletiek:** 54 van ons atlete neem op Saterdag, **7 Feb**. deel aan die HS **Langebergbyeenkoms** by HS Montagu. Die program is aan elke atleet uitgedeel en ook op die Bonnies WA-groep geplaas. Busgeld beloop R40 en inskrywingsgeld R20. Die bus vertrek stiptelik om 06:00 vanaf die vierrigtingstop by Happy Valley en by die skool. Drag asb. streng HSB. Baie sterkte aan al ons atlete. As jy jou beste gee is jy klaar 'n wenner.

3. **Swemgala:** Die HSB Kleureswemgala het op **Donderdag 29 Januarie** plaasgevind. Geluk aan elke swemmer wat deelgeneem het en dankie aan elke beampte. Die **groenspan** was die wenner van die swemgala. Baie geluk!

4. **Tweekamp:** Sterkte aan **Wian Fourie**, **Juandré Rheeders**, **Liana Rheeders** en **Else-Mari Fourie** wat Saterdag aan die **Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms** in Oudtshoorn deelneem en hul onderskeie Boland spanne verteenwoordig. Baie sterkte vir julle. Maak ons trots!

5. **Skoolfonds:** Die rekeninge word vandag uitgestuur saam met oudste leerders. Indien u vir vrystelling aansoek gedoen het, sal die uitslag eers op u **Maart** rekening reflekteer. Kontroleer asseblief die volgende op die rekening:
   Ouers se naam en adres
   Naam en graad van u kinders
   Skoolfooie gehef
   Betalings gemaak deur u

   KONTAK ASSEBLIEF DIE FINANSIëLE KANTOOR INDIEN U NIE 'N REKENING GEKRY HET NIE OF NIE SAAMSTEM MET DIE INLIGTING OP U REKENING NIE.

6. **Gedragskode:** Die SBL het onlangs die gedragskode vir leerders aangepas om die hantering van leeders wat onder die invloed van verbode middels is, duideliker te maak. Ouers en leerders wat meer inligting verlang, kan ‘n kopie van die Gedragskode by die kantoor in die hande kry.

7. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen ‘n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff ‘n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

8. **Matriekafskeid:** **2026** se matriekafskeid vind op **23 Julie** plaas.

   Finansiële beplanning vir jou Matriekjaar:

   Skoolfonds
   Matriekafskeid R550
   Matriektop – inligting sal volgende week deurgegee word

   As 'n leerder se skoolfonds op datum is mag hy/sy die matriekafskeid bywoon.

   Moenie uitstel nie! Probeer elke maand 'n bedrag afbetaal om dit meer hanteerbaar te maak.

   **Matrieks en hul ouers word ook herinner aan die volgende reël wat in ons skool se gedragskode verskyn:**

***17. Sosiale geleenthede en matriekafskeid***

Sosiale geleenthede wat by die skool plaasvind of deur die skool aangebied word, insluitend die matriekafskeid, word as ‘n geleentheid gebruik om goeie gedrag deur ons leerders te beloon.

Volgens die hofuitspraak van WCRA vs. Parow High School van 2006 is ‘n matriekafskeid nie leerders se reg nie, maar ‘n voorreg en mag dit gebruik word as positiewe versterking van goeie leerdergedrag.

In hierdie hofuitspraak word onder andere genoem:

“Twee van die belangrike lesse wat 'n skool vir sy leerders moet leer, is dissipline en respek vir gesag. Die toekenning van ‘n voorreg as 'n beloning vir goeie gedrag is een instrument wat gebruik kan word om sulke lesse te leer. Die weerhou van ‘n voorreg kan dus nie as 'n skending van 'n reg op gelykheid of waardigheid beskou word nie [...] Die reg op vryheid van uitdrukking is natuurlik nie gelyk aan 'n reg om ongedissiplineerd of onbeskof te wees nie. Die stelsel van belonings vir goeie gedrag deurdring alle aspekte van die lewe en om die stelsel op 'n jong ouderdom te leer, kan slegs tot voordeel van die leerder wees later in sy of haar lewe. Ek sien geen grondwetlike kwessies in die gebruik van so 'n stelsel in skole nie.”

**Leerders sal dus slegs toegelaat word om sosiale funksies – insluitend die matriekafskeid – by te woon indien hy/sy aan al vier die volgende voorwaardes van goeie gedrag voldoen...**

- deurgaans goeie gedrag en positiewe waardes by die skool en in die gemeenskap uitgeleef het;
- nie by gereelde oortredings van die skool se gedragskode betrokke was nie, volgens die skoolhoof en Skoolbestuurspan se diskresie;
- nie aan enige ernstige wangedrag by ‘n Dissiplinêre Verhoor van die Skoolbeheerliggaam skuldig bevind is nie;
- nie meer as drie skooldae in ‘n kalenderjaar sonder ‘n geldige, deeglike verskoning, volgens die skoolhoof se diskresie, afwesig was nie.

Ouers en leerders wat kostes aangaan vir sosiale funksies – insluitend die matriekafskeid – voordat ‘n leerder amptelik toegelaat is, doen dit dus op eie risiko, afhangend van die leerder se gedrag.

9. **Detensie:** Daar is gereeld leerders wat detensie moet sit wat kom sê dat hulle vervoerprobleme het en verskoon wil word. Die skool kan nie elke keer ander reëlings tref omdat dit ongerieflik is vir ouers en leerders nie. In die eerste plek kan leerders hierdie probleem voorkom deur te sorg **dat hy/sy nie oortree** en dan vir detensie verwys word nie. Ouers is self verantwoordelik om reëlings te tref sodat u kind sy/haar detensie kan bywoon. Daar is te veel leerders wat nie hul huiswerk voltooi nie en dan in die moeilikheid daaroor kom**. Praat asb. met u kind daaroor en sien toe dat sy/haar werk daagliks voltooi word.**

10. **Selfoongebruik:** Die gebruik van selfone tydens die skooldag bly 'n probleem. Ons sal binnekort ons beleid hersien. Indien u kind sy/haar selfoon by die skool gebruik sonder toestemming sal dit ingeneem word en aan die einde **VAN DIE VOLGENDE WEEK** teruggegee word. Praat asb. met u kind hieroor en ondersteun ons daarin.

11. **SBL tussenverkiesing:** Daar bestaan tans 'n vakante posisie vir die voorsitter van die OOK-portefeulje op die SBL. Dit is iemand wat as skakel optree tussen die ouers en die skool vir alle funksies en geleenthede, asook in beheer is van reël van snoepies by sportgeleenthede. Die amptelike verkiesing vind plaas op **2 Maart**. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word. Die kiesersrol sal by die kantoor beskikbaar wees vir besigtiging.

12. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 6 Feb. | HS Tennis vs Swellendam (tuis)<br>Atletiek LS Langeberg Velditems te HS Robertson |
| Sa. 7 Feb. | Atletiek LS Langeberg Baanitems te HS Robertson<br>Atletiek HS Langebergbyeenkoms te HS Montagu<br>Tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn (Interprovinsiale byeenkoms)<br>Worcester-Oos Mini-krieket |
| Wo. 11 Feb. | o.13 Krieket vs WA Rossouw (weg) |
| Do. 12 Feb. | LS Tennis vs Swellendam (weg)<br>o.19 Krieket vs Montana (weg) |
| Vr. 13 Feb. | HS Tennis vs Robertson (weg) |
| Sa. 14 Feb. | Atletiek HS Noord-Bolandbyeenkoms (HSB) |
| Di. 17 Feb. | LS Tennis vs Worcester Primêr (tuis) |
| Wo. 18 Feb. | o.19 Krieket vs Swellendam (tuis) |
| Do. 19 Feb. | o.11 Krieket vs Swellendam (weg)<br>o.13 Krieket vs Swellendam (tuis) |
| Sa. 21 Feb. | Mini-krieket te Worcester Primêr<br>Tweekamp te Hoërskool Hugenote |
| Di. 24 Feb. | LS Gericke Swemgala<br>LS Tennis vs Robertson (tuis) |
| Do. 26 Feb. | o.19 Krieket vs Swellendam SS (tuis) |
| Vr. 27 Feb. | HS Boland byeenkoms |
| Sa. 28 Feb. | HS Boland byeenkoms |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink

Waarnemende Skoolhoof

"Hou liefde in jou hart. 'n Lewe daarsonder is soos 'n sonlose tuin waarvan die blomme dood is."

- Oscar Wilde (Ierse skrywer)


RADIE MAKELAARS
FAIS LID 10928
HOOFWEG 95A, BONNIEVALE
Korttermyn
VERSEKERING
DEKKING VIR:
Voertuig, Huisinhoud, Geboue & Waardevolle Items,
Reis Versekering, Gastehuis & Restaurante
KOMMERSIEËL, PERSOONLIK
& BOERDERY VERSEKERING
T | 023 616 2598 | info@radie.co.za
Neil Rademeyer | 083 604 4007
Verskillende Versekeringsmaatskappye
Sedert 1992
santam
OLDMUTUAL
INSURE
Discovery
Insure
Hollard
INSURANCE
REGENT
GO ON. YOU'RE COVERED.
Bryte
RENASA